
# SATAN KOM AS 'n ENGEL

## DIE ONSTERFLIKHEID VAN DIE SIEL EN SPIRITISME

OORSPRONG VAN GELOOF IN DIE ONTSTERFLIKE SIEL — Die oorsprong en skepper van die false leerstelling, kan baie maklik nagespoor word. Die Bybel stel dit duidelik, wie die vader van hierdie dwaalleer naamlik die onsterflikheid van die siel. Ons lees die woorde van Jesus aan die Joodse leiers: "Julle het die duiwel as vader….omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan" Johannes 8:44. Die eerste leuen ooit vertel aan die wêreld, was deur die duiwel, en hierdie leuen was oor die ontsterflikheid van die siel. Wat was die leuen wat die duiwel vertel het? Ons lees "Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie" Genesis 3:4. Dit was nie net 'n onskuldige leuen nie, nog was dit die laaste keer dat dit vertel was. Die duiwel het hierdie dwaalleer so populêr gemaak en aan sy agente oorgedra, dat dit een van die mees vernaamste leerstellings in die Christelike Kerk vandag geword het.

Die duiwel, deur sy medium, die slang, het gesê "Julle sal gewis nie sterf nie" Genesis 3:4. Maar God, deur sy profeet Esegiël, sê: "Die siel wat sondig, dié moet sterwe" Esegiël 18:20



Almal in die wêreld het gesondig en is dus onderworpe aan die dood. In plaas daarvan om te verkondig wat God sê, verkondig baie kerke die duiwel se dwaal leerstelling, naamlik die onsterflikheid van die siel.

Hierdie dwaalleer mag baie vertroostend wees vir roubeklaers by begrafnisdienste, maar dit is nog steeds misleidend en het ernstige nagevolge, wat die duiwel se plan pas om siele te verlei.

Hierdie siening in die onsterflike siel dateer terug na die outydse heidene en was aanvaar deur die Griekse heidense geloof. Hierdie oortuiging en die geloof dat die son 'n god is, was die hoof godsdiens van Griekeland. Maar die een leerstelling het geen meer geloofwaardigheid as die ander nie.

Toe Griekeland deur die Romeine verower was, het die siening in die onsterflike siel, die aanbidding van die son as 'n god, en sy aanbidding op Sondag - die dag van die son - deel geword van die heidense Romeinse godsdiens.

Die tyd toe heidense Rome sy mag aan die Biskop van Rome gegee het, het die hoofstad van Rome, die geloof in die onsterflike siel en Sondagheiliging die fundamentele leerstellings van die Rooms-Katolieke kerk geword, wat gefloreer het tydens die Donkereeue onder aanspraak van die Pous dat hy nie kan fouteer nie.

Tydens die Hervorming het die Hervormers baie van die dwaalleerstellings en gewoontes van die Rooms-Katolieke Kerk reggestel, maar die twee kardinale leerstellings naamlik - die ontsterflikheid van die siel en Sondag heiliging – was nie reggestel nie. Hiedie twee valse leerstellings word nou sy aan sy verkondig, van byna elke preekstoel in die Christelike kerke.

Die vader van leuens het dit baie sorgvuldig bewerkstellig dat die geloof in die onsterflikheid van die siel van die outydse Griekse mitologie deur agtereenvolgende godsdiensgelowe voortgesit was, totdat dit vandag goed gevestig is in byna alle Christen kerke.

Waarom het die Christen wêreld die siening in die onsterflike siel so blindelings aanvaar, as ons in aanmerking neem dat dit deur tradisie aan ons oorgehandig was deur 'n outydse heidense geloof? Volgens die Bybel, is die leerstelling 'n groot fout en is daar geen waarheid daarin nie.

As moderne sterrekundiges ook die teorie van die outydse heidene moet aanvaar, dan sal hulle, soos destyds, glo dat die aarde plat is en dat die hemelliggame – die son en die sterre rondom die aarde wentel, in plaas daarvan dat die aarde rond is en om sy eie as draai, en om die son wentel.

Die moderne sterrekundige wetenskap het heeltemal die sterrekundige teorie van die outydse heidene verwerp.

'n Studie van die Bybel, soos wat in hierdie boek onderneem word, weerlê ook heeltemal die geloof van die onsterflike siel, soos dit deur die outydse heidene geglo was.

DIE LIGGAAM, ASEM VAN DIE LEWE, EN DIE SIEL — Op die sesde dag van skeppingsweek het God die mens uit die stof van die aarde gevorm. Hy het die brein, die hart, die spiere, en die ander organe geskep en so was die hele liggaam volmaak gevorm. Maar daar was geen lewe in hierdie liggaam nie. God het toe die asem van die lewe in hierdie liggaam geblaas, en dit het 'n lewende siel geword volgens Genesis 2:7. Die brein het begin om te funksioneer en so ook al die aktiwiteite van die brein, soos die denke, liefde, blydskap, wysheid en beheer oor die spiere en ander organe. Daar was egter geen gedagte van enigiets nie, totdat dit die asem van die lewe ontvang het. Die brein, die hart, die spiere en die ander organe het toe begin funksioneer en hierdie gesamentlike aktiwiteite is wat die siel vorm.

God het nie die siel apart gevormeer nie, maar die siel is die gevolg van die vorming van die liggaam en asem van die lewe wat daarin geblaas was.

Ons het dus die wiskundige formule vir die skepping van 'n lewende siel:

Die Liggaam + Die asem van die Lewe = Lewende Siel

As ons die liggaam voorstel as 'n gloeilamp, die asem van die lewe as elektrisiteit, en die lig as die siel, dan het ons 'n soortgelyke vergelyking om lig te kan skep. Die vergelyking is dan soos volg:

Gloeilamp + Elektrisiteit = Lig

Die gloeilamp alleen kan nie lig voortbring nie, en elektrisiteit kan ook nie lig voortbring nie, maar die kombinasie van die twee kan lig voortbring. Op soortgelyke wyse is die liggaam nie die siel nie en die asem van die lewe sonder die liggaam is ook nie die siel nie, maar die twee saamgevoeg is die lewende bewuste siel.

Wanneer ons sterf, gebeur die omgekeerde, voorgestel deur die volgende vergelyking:

Liggaam – Asem van die Lewe = Afwesigheid van die Siel

Met ander woorde, die siel hou op om te lewe.

Sonder hierdie entiteite is daar nie 'n siel nie; ons lees "Sy gees gaan uit, hy keer terug na sy aarde toe; op daardie dag is dit met sy planne gedaan" Psalm 146:4. Ook lees ons: "Want die lewendes weet dat hulle moet sterwe, maar die

dooies weet glad niks nie, hulle liefde sowel as hulle haat, ook hulle naywer, het lankal verdwyn" Prediker 9:5-6. Die denkvermoë, liefde, haat en naywer is almal aktiwiteite van die siel, en wanneer dit vergaan, dan hou die siel ook op om voort te bestaan.

Ons het dus die volgende soortgelyke vergelyking :
Gloeilamp – Elektrisiteit = Geen Lig

Dus, sonder die gloeilamp of die elektrisiteit, kan daar dus nie lig voortgebring word nie. Sommige mense, nadat hulle 'n geweldige kopbesering opgedoen het, was bewusteloos vir 'n paar weke. Wanneer hulle hul bewussyn herwin, kon hulle geen rekenskap gee van liefde, haat, wysheid of kennis gedurende die tydperk wat hulle bewusteloos was nie. Ander individue, veral kinders, vertel ons dat nadat hulle hul bewussyn herwin het, dit gevoel het asof hulle in die lug gesweef het. Dat hulle hul liggame kon sien lê waar dit was; ook kon hulle 'n helder lig aan die einde van 'n tonnel waarneem. Hulle was nie bang om te sterf nie omdat hulle dit gesien het wat mooi was. Sommige het gedroom dat 'n vriend of 'n afgestorwe geliefde hulle kom besoek het, en met hulle gepraat het. Dit was Job, toe hy gepraat het van die dood, wat gesê het: "Want maar min jare kom – dan bewandel ek 'n pad waarlangs ek nie terugkeer nie." Job 16:22

Diegene wat op sterwe lê, wat die sogenaamde "amper-dood" ondervindings ondervind, is geensins voorafgaande ondervindings van die siel wat hemel toe vlug nie. Dit vind immers nooit plaas nie, maar dit is die gevolg van bose engele wat sulke gedagtes in die mense se gedagtes plant. Die duiwel en sy bose engele is dus besig om hulle verstande voor te berei, om hierdie spiritistiese konsep te aanvaar, dat daar lewe en bewustheid in die dood is.

Maar, wanneer 'n persoon wat vir weke lank bewusteloos was, uiteindelik sterf, is daar geen terugkeer van die aktiwiteite van die verstand of die siel as 'n gedagte nie. Hierdie toestand sal voortduur in die dood totdat die Lewegewer daardie persoon opwek in die Opstanding. Alleenlik dan sal die liggaamlike funksies terugkeer na hierdie persoon. In Prediker 12:7 lees ons die volgende omtrent die dood: "en die stof na die aarde terugkeer soos dit gewees het, en die gees na God terugkeer wat dit gegee het." Prediker 12:7. Die term "gees", beteken die asem van die lewe. Aangesien die siel bestaan uit die liggaam plus die asem van die lewe, wanneer die liggaam dus terugkeer tot stof, en die lewensasem terugkeer tot God, hou die siel met sy bewustheid op om te bestaan.

Dit is die lewensasem wat 'n lewelose voorwerp verander in 'n lewendige wese; dit is wat 'n lewelose samestelling verander in 'n lewensvatbare wese. Indien ons na die oorspronklike Hebreeuse skrif gaan kyk, dan sien ons dat die woord vir gees en die woord vir "die asem van die lewe", dieselfde woord is. Job gebruik hierdie terme, asem van die lewe en gees om die beurt "want my asem is nog heeltemal in my, en die lewensasem van God is in my neus" Job 27:3.

Die Psalmdigter gee verder insig op hierdie onderwerp: "Sy gees gaan uit, hy keer terug na sy aarde toe; op daardie dag is dit met sy planne gedaan" Psalm 146:4.

As die lewensasem 'n persoon verlaat, dan het hy geen gedagtes of gedagtevermoë nie, en daarom geen siel nie, omdat die gedagtes en gedagtevermoëns die funksies van die siel is.

DIE TOESTAND VAN DIE DODE — Menslike wysheid kan nie verby die poorte van die graf deurdring nie. Die Wetenskap is heeltemal hulpeloos wanneer dit kom by die evaluering van die siel. Bybels, is 'n siel baie konkreet of tasbaar. Dit is, soos ons alreeds genoem het, die kombinasie van die liggaam en die lewensasem wat deur die Skepper gegee word. Volgens die populêre insig word die siel beskou as 'n abstrakte wese soos denke, liefde, haat blydskap, hartseer, wysheid en werke.

Ongelukkig kan die natuur van die siel nie in 'n laboratorium bepaal word nie. Daarom is ons genoodsaak om na die Bybel te kyk vir antwoorde vir wat gebeur as 'n mens sterf. Sedert Bybelse tye het niemand nog ooit opgestaan uit die dode nie. Toe Lasarus opgewek was uit die dood, het hy niks te sê gehad oor die vlug van sy siel nie. Die Bybel, verklaar egter wat met 'n mens gebeur wanneer hy sterf. Die bedrywigheid van die siel hou op om te bestaan. Ons lees "Want die lewendes weet dat hulle moet sterwe, maar die dooies weet glad niks nie, en hulle het geen loon meer nie, want hulle nagedagtenis word vergeet. Hulle liefde sowel as hulle haat, ook hulle naywer, het lankal verdwyn, en hulle het vir ewig geen deel meer aan alles wat gebeur onder die son nie. Alles wat jou hand vind om te doen, doen dit met jou mag, want daar is geen werk of oorleg of kennis of wysheid in die doderyk waar jy heengaan nie." Prediker 9:5-6,10. Soos die teks hierbo sê, in die dood is daar geen kennis van wat hier op aarde gebeur nie.

Toe God die lewe van koning Hiskia verleng het, was hy baie bly, want hy kon toe aanhou om God te loof en danksegging aan Hom te bring. Sou hy egter gesterf het, was dit vir hom onmoontlik om God te loof, of om sy waarheid te verkondig. Indien sy siel onsterflik was en hemel toe gegaan het, sou hy aangehou het om God te loof in Sy Koninkryk en Sy waarheid bekend gemaak het, maar hy het die volgende woorde gespreek: "Want die doderyk sal U nie loof nie, die dood U nie prys nie; die wat in die kuil neerdaal, sal op u trou nie hoop nie: "Die lewende, die lewende, dié sal U loof, soos ek vandag; die vader maak aan die kinders u trou bekend" Jesaja 38:18-19.

Die oorweldigende Bybelse waarheid onthul dat in die dood die denkvermoë van die verstand staak en die verstand is in hierdie toestand soos wanneer 'n persoon heeltemal bewusteloos is. Nogmeer, in hierdie toestand is die mens se toestand dieselfde as toe God hom gevormeer het uit die stof van die aarde, voordat Hy die lewensasem in sy lewelose liggaam geblaas het. Dit was slegs nadat God die asem van die lewe in hom geblaas het dat die mens 'n lewende siel geword het, en dus toe dat hy al die funksies van 'n lewende siel geword het. Ons lees verder "Want in die dood word daar aan U nie gedink nie; wie sal U loof in die doderyk?" Psalm 6:6. Psalm 115:17 "Die dode en almal wat na die stilte neerdaal, sal die Here nie loof nie".

Deur te glo in die onsterflikheid van die siel, word mense geleer om te bid tot Maria, die moeder van Jesus, maar, sy lê vandag in haar graf en wag vir die Opstandingsdag. Daarom word geen van die gebedsversoeke tot Maria gehoor of beantwoord nie, want die Bybel verklaar duidelik dat wanneer 'n persoon sterf, dan hou sy denkvermoë op en hy het geen meer wysheid of kennis nie. Inteendeel, hy het geen deel meer aan enigiets wat onder die son gedoen word nie. Dit is die Bybelse waarheid, en die stelling is teenstrydig met die leuen "Jy sal sekerlik nie sterf nie" is 'n leuen van die Duiwel om ons te vernietig.

DIE MISDADIGER AAN DIE KRUIS — Dikwels hoor ons teoloë sê dat Jesus die dief op die kruis belowe het dat hy saam met Hom dieselfde dag in die Paradys sal wees. Ons lees: "En Jesus antwoord hom: Voorwaar ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees" Lukas 23:43. Jesus het egter daardie spesifieke dag nie Paradys toe gegaan nie. Hy het op daardie dag graf toe gegaan. Op die derde dag, nadat Hy opgestaan het en met Maria Magdalena gepraat het, het Hy nog nie op daardie tydstip opgevaar na Sy hemelse Vader nie. Ons lees in Johannes 20:17 "Jesus sê vir haar: Raak my nie aan nie, want Ek het nog nie opgevaar na my Vader nie."

Christus se Vader was in die Paradys, omdat Sy troon in die Paradys is. Ons lees:"Die boom van die lewe wat binne-in die paradys van God is" Openbaring 2:7. "En hy het my getoon 'n suiwer rivier van die water van die lewe, helder soos 'n kristal, wat uitstroom uit die troon van God en van die Lam. In die middel van van sy straat en weerskante van die rivier was die boom van die lewe" Openbaring 22:1-2. Hierdie twee teksverse verklaar duidelik dat Christus se Vader in die Paradys is.

Die oorspronklike Nuwe Testament was geskryf in Grieks en die Griekse taal het geen leestekens en kommas gehad nie. Leestekens was eers tot die Griekse taal bygevoeg in die 14de eeu, en daarom, voor hierdie tyd, het die Griekse taal geen kommas gehad nie, en die teks kan gelees word dat óf Jesus het hierdie woorde die spesifieke dag gespreek óf Jesus het gesê dat Hy dieselfde dag saam met die dief in die Paradys sal wees.

In die Bybel waar sekere tekste se betekenis nie heeltemal duidelik is nie , is daar ander tekste wat help om hierdie tekste se betekenis duidelik te verklaar, en dis presies die geval met hierdie teksvers.

Omdat die Bybel ons leer dat die dode niks weet nie, en omdat Christus nie Paradys toe was die dag toe

Hy gesterf het nie, moet ons tot die gevolgtrekking kom dat Jesus na die toekomstige Paradys verwys het.

Die kerkleiers wat die vertaling van hierdie teksvers gedoen het, het geglo in die onsterflike siel, daarom het hulle die komma, na aanleiding van wat hulle geglo het, voor die woord "vandag" geplaas. Die komma moes eintlik na die woord "vandag" geplaas gewees het, om die ware betekenis van hierdie teksvers te weergee. Hierdie teksvers moes soos volg vertaal word: "En Jesus antwoord hom: Voorwaar ek sê vir jou vandag, jy sal saam met My in die Paradys wees" Lukas 23:43.

Ons kan dus nie hierdie teksvers gebruik om die onsterflikheid van die siel te bewys nie. Wat hierdie teksvers wel bewys, is dat die kerkleiers wat die vertaling vanaf die oorspronklike Grieks gedoen het, in die valse teorie van die onsterflike siel geglo het.

DIE RYK MAN EN LASARUS — In die sestiende hoofstuk van Lukas, dra Christus twee gelykenisse voor wat te doen het met rentmeesterskap. In die eerste gedeelte van hierdie hoofstuk behandel Christus 'n gelykenis wat te doen het met besittings of tasbare bates, terwyl in die laaste gedeelte van hierdie hoofstuk, (Lukas 16:19-31), die gelykenis gaan oor die besit van die Woord van God en die plan van verlossing.

In die gelykenis van die rykman en Lasarus word die rykman voorgestel deur die Jode en die Farisieërs, wat ryk was in die kennis van die Woord van God en die plan van verlossing, terwyl die heidene slegs gedeeltes daarvan verkry het. Lasarus word voorgestel deur die heidene wat brandarm en behoeftig was aan die Heilige Skrifte, en wat verlang het na 'n klein bietjie van die kennis, selfs die krummels.

Die gelykenis stel in geen opsig die ondervinding van twee individue in die werklike lewe in die hiernamaals voor nie – nog minder is die gelykenis van die saaier wat voorgestel word as die ware boer wat uitgaan om koring te gaan saai. Dit is duidelik dat dit 'n gelykenis of sinnebeeld is – want dit is onmoontlik vir al die goeie mense wat vanaf Abel se tyd gesterf het, om 'n plek in Abraham se boesem te hê. Verder is daar die vraag – in wie se boesem het Abraham beland toe hy gesterf het?

Christus het baie keer gebruik gemaak van gelykenisse as hy nie wou hê sy hoorders moet verstaan wat hy onderrig nie, soos byvoorbeeld die Fariseërs, en later het Hy dit in privaatheid aan sy dissipels verduidelik. Omdat hierdie storie nie werklik is tot die ware lewe nie, moet ons tot die gevolgtrekking kom dat dit 'n gelykkenis is, want ons lees : "en sonder gelykenis het Hy tot hulle nie gespreek nie; maar afsonderlik het Hy vir sy dissipels alles uitgelê." Markus 4:34.

Mense wat glo in die onsterflike siel, glo dat dit die verontliggaaming is van die siel wat óf hemel toe óf hel toe gaan, maar in hierdie gelykenis het altwee die persone liggame gehad. Die rykman het oë en 'n tong gehad, en Lasarus het 'n vinger gehad. Hoe is dit moontlik dat die senuwees pyn-impulse gestuur het na die brein sonder liggame? Eweneens, hoe kan iemand wat nie 'n liggaam het nie, 'n brein besit wat óf die pyn van die hel óf die plesier van die hemel ervaar?

Dit was algemene kennis tussen die heidene dat die bietjie kennis wat hulle kon bekom omtrent die Bybel en die verlossingsplan, was gesien as broodkrummels, want ons lees; "Maar Hy antwoord en sê: Dit is nie mooi om die brood van die kinders te neem en dit vir die hondjies te gooi nie. En sy sê: Ja Here, maar die hondjies eet darem van die krummels wat van die tafel van hulle base afval" Mat15:26-27

In hierdie gelykenis sê vader Abraham dat as hulle nie na Moses en die profete wou luister nie, sal hulle nog luister as iemand uit die dode opgewek word. Ironies genoeg was 'n man met die naam Lasarus uit die dode opgewek. Nogtans het die Farisieers wat voorgestel word deur die rykman in hierdie gelykenis, nie tot bekering gekom en Christus aanvaar as die Messias nie, selfs nadat hy Lasarus uit die dode opgwek het. In plaas daarvan het hulle liewer beplan om beide Jesus en Lasarus dood te maak.

Toe Lasarus uit die dood opgewek was, was hy werklik dood vir vier dae, en nadat hy opgewek was, het hy niks te sê gehad oor sy siel wat in die hemel was in die teenwoordigheid van God en die heilige engele nie. Indien hy die vier dae in die helmel moes deurbring, sou dit 'n groot teleurstelling vir hom gewees het om terug te kom na hierdie donker wêreld met al sy hartseer en probleme.

Die persone vanaf hierdie wêreld wat weggeneem was hemel toe, het nie net hemel toe gegaan in die gees nie, maar ook in die liggaam. Toe Henog weggeneem was hemel toe, was hy weggeneem in beide liggaam en gees. Toe Elia met perde van vuur weggevoer was na die hemel, het niks agtergebly nie. Dit wat wel agtergebly het, was die mantel van Elia, wat Elisa opgetel het. Die duiwel het beswaar aangeteken toe Christus Moses uit die dode opgewek het. Hy het nie net beswaar aangeteken oor sy siel nie, maar ook oor sy liggaam. Die duiwel het beswaar aangeteken omdat God die lewegewende asem in Moses se liggaam geblaas het, want hy het geweet dat die siel die resultaat is van die asem van die lewe en die liggaam. Van hierdie twee entiteite word die siel in die lewe gebring. Ons lees " Maar toe Migael, die aartsengel, met die duiwel in woordestryd was oor die liggaam van Moses, het hy geen oordeel van lastering durf uitspreek nie, maar het gesê: "Die Here bestraf jou!" Judas 9.

Baie teoloë glo dat die storie van die rykman en Lasarus ons leer dat daar 'n ewig brandende hel is. Maar, dit is slegs 'n gelykenis, en het nie betrekking op die werklike lewe nie, daarom kan ons dit nie letterlik aanvaar nie. Indien ons wil weet wat die straf van die onregverdige sal wees, sal ons die Bybel moet raadpleeg om te sien wat dit leer. Ons sal "hier 'n bietjie, en daar 'n bietjie" moet gebruik en skrif met skrif vergelyk om seker te kan weet wat die Bybel te sê het oor hierdie belangrike onderwerp. Dit is onlogies dat 'n God van liefde, 'n plek soos die hel in die heelal sal hê waar mense vir ewig dag na dag gepynig word, net omdat hulle in hul kort lewensbestaan ongehoorsaam was aan Hom.

Die gelykenis stel nie voor dat die onregverdiges vir altyd in 'n ewige helsevuur gepynig sal word nie, omdat die gelykenis so onwerklik is tot die werklike lewe, kan ons nie aanvaar dat dit die werklikheid voorstel nie. Dit is slegs 'n gelykenis. Nêrens leer die Bybel dat daar 'n middelplek, genoem die vaevuur is, waar mense gepynig word nie. Die uitdrukking "vir ewig en ewig" soos vertaal vanaf Grieks beteken "tot aan die einde van tyd".

Daar is meer as vyftig skrifgedeeltes in die Bybel wat die uitdrukking "vir ewig en ewig" gebruik wat daarop dui dat die Hebreeuse dienskneg sy meester vir ewig sal dien, met ander woorde tot die einde van sy lewe. Kyk Exodus 21:1-6.

Ons lees van Sodom en Gomorra wat "die straf van die ewige vuur ondergaan" Judas 7.

Dit beteken nie om te brand sonder ophou nie, want ons weet dat hierdie stede vandag nie meer brand nie. Soos ons sal sien, verduidelik die Bybel hom self. Toe Hanna haar seun toegewy het aan die Here, het sy gesê "sal ek hom bring, dat hy kan verskyn" voor die aangesig van die Here en daar vir altyd bly" 1 Samuel 1:22. Sy het toe verduidelik wat sy bedoel het met die term "vir altyd". Ons lees: "So staan ek hom dan ook af aan die Here al die dae wat hy leef; hy is aan die Here afgestaan." 1 Samuel 1:28.

Daar is baie tekste in die Bybel wat wys dat die onregverdiges nie vir ewig sal brand nie. Wanneer iets uitgebrand is, dan hou die vuur op. Ons lees:" Dan sal al die vermeteles en almal wat goddeloosheid bedrywe, 'n stoppel wees; en die dag wat kom, sal hulle aan die brand steek, sê die Here van die leërskare. En julle sal die goddelose vertrap, want hulle sal soos stof wees onder julle voetsole op die dag wat Ek skep, sê die Here van die leërskare."Maleagi 4:1-3. Ook in 2 Petrus 3:10 "en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is ‚sal verbrand".

Esegiël het in sy profesie teen die Duiwel gesê dat hy soos as op die aarde sal wees en dat hy nie meer sal wees nie. Dit bewys verseker dat selfs die Duiwel nie vir ewig gepynig sal word nie. Ons lees: "En ek het jou tot as gemaak op die aarde voor die oë van almal wat jou gesien het…. jy het 'n verskrikking geword en sal daar nie meer wees tot in ewigheid nie" Esegiël 28:18-19.

"Die loon van die sonde is die dood" (Romeine 6:23) kan sekerlik nie beteken 'n ewige lewe in foltering van pyn nie. Toe Jesus van die goddelose gepraat het, het hy gesê: "En hulle sal weggaan in die ewige straf, maar die regverdiges in die ewige lewe." Mattheus 25:46.

Ewige straf beteken dat die finale resultaat ewigdurend sal wees, terwyl

ewigdurende straf beteken dat die proses van straf vir ewig aanhou.

God se heelal sal skoon wees, en daar sal geen meer sonde of vervloeking in 'n hel wees nie, terwyl die regverdiges 'n lewe van saligheid op die nuwe aarde geniet.

Die psalmdigter beskryf die uiteinde van die goddelose baie akkuraat, wanneer hy sê:"is dit om hulle vir ewig te verdelg " Psalm 92:8. Dit beteken nie dat hulle vir ewig gepynig word nie, maar die eind-resultaat is vir ewig.

Die mening dat die goddelose vir ewig gepynig word, was vanaf antieke tye met ons, en was aan ons oorgehandig deur tradisie sodat die Rooms-Katolieke kerk en baie Protestante kerke vandag glo dat daar 'n ewigdurende brandende hel is. Die Bybel bewys verseker dat daar nie 'n ewigdurende hel sal wees nie, maar dat die goddelose hulle verdiende loon sal ontvang, en dat regverdigheid sal seëvier.

SAUL EN DIE VROU VAN ENDOR — Die vrou van Endor was 'n towerheks en het towery en geestesbeswering beoefen (om met geeste en dooies te kommunikeer).

Tydens Samuel se leeftyd, het Saul almal laat doodmaak wat 'n gedienstige gees gehad het en wat ook towery beoefen het, want al hierdie dinge is 'n gruwel vir God – Kyk Deuteronium 18:10-12. Nietemin, in Saul se benoudheid en wanhoop, het hy hierdie Sataniese bemiddeling geraadpleeg.

God se metodes om met die mens te kommunikeer was deur middel van drome, klippies wat op die hoë priester se bors was, genoem die Urim en Tummim, of deur profete. Saul het Samuel, die profeet, se raad van die hand gewys en dit is hoekom God nie vir Saul beantwoord het nie. Hy het nie vir God met berou en nederigheid gevra nie, maar het opstandig gebly.

Die storie is opgeteken in 1 Samuel 28:6-28. Die vrou sien toe die bonatuurlike wese van " 'n ou man kom op met 'n mantel om". Saul het toe begryp of gedink dat die verskynsel Samuel was. Die verskynsel was nie Samuel nie, maar 'n bose engel van die duiwel wat hom voorgedoen het as Samuel.

Die boodskap wat Saul hierdeur ontvang het, om te dink dat dit Samuel was, was juis die boodskap wat Satan wou oordra om Saul verder mismoedig en wanhopig te maak, en om hom te lei tot selfvernietiging, wat hy wel gedoen het tydens die stryd.

Die feit dat hierdie boodskap tot Saul se ondergang gelei het, is 'n bewys dat die boodskap nie van God deur die profeet Samuel afkomstig was nie, maar wel van Satan. Verdere bewyse dat dit nie die regte Samuel was nie, maar 'n Sataniese bedrieër, is die feit dat God nie met Saul gekommunikeer het deur sy bepaalde wyse van kommunikasie nie. God sou sekerlik nie 'n boodskap na Saul toe gestuur het deur Satan se metodes van kommunikasie te gebruik wat 'n gruwel in God se oë is nie. Inteendeel ons het die Ware Woord van Profesie dat hierdie verskynsel nie Samuel was nie, want daar staan geskrywe: .." die dooies weet glad niks nie" – Prediker 9:5.

WAAROM DAN DIE WEDERKOMS? — Die wederkoms van Jesus was vir eeue al die Christene se blye hoop en dit is een van die belangrikste onderwerpe in die Nuwe Testament van die Bybel.

Inteendeel, as die regverdige dooies alreeds in die hemel is en die samesyn met Jesus en Sy heilige engele geniet, en as die lewende regverdiges ook hemel toe gaan as hul sterf, dan verloor die Wederkoms van Jesus sy betekenis.

Die mens het nie nou ontsterflikheid nie, want God alleen het onsterflikeheid. Paulus praat van God wanneer hy sê: " wat alleen onsterflikheid besit en in 'n ontoeganklike lig bewoon" 1 Timotheus 6:16. Dit is slegs by die wederkoms van Christus dat die regverdige lewendes en die opgewekte regverdiges onsterflikheid ontvang. Ons lees "in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin, want die basiun sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word, en ons sal verander word. Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met ontsterflikheid beklee word" 1Korinthiërs 15:52-53.

Toe Jesus opgevaar het na die hemel, het twee engele agtergebly en die dissipels verseker dat Jesus weer gaan kom. Ons lees: " En toe hulle nog stip na die hemel kyk terwyl Hy weggaan, staan daar twee manne in wit klere by hulle, wat sê: 'Galilese manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is, in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het" Handelinge 1:10-11.

Jesus het van sy wederkoms geprofeteer volgens Mattheus 16:27: "Want die seun van die mens staan gereed om met sy engele in die heerlikheid van sy Vader te kom, en dan sal Hy elkeen vergeld volgens sy dade".

Die Bybel praat ook van die opstanding, maar hoe kan daar 'n opstanding wees as die liggaamlose geeste van die regverdiges alreeds in die hemel by Jesus en die heilige engele is, terwyl die goddelose in die hel wegkwyn? Sulke leringe vernietig alle sinvolle geskrewe woorde omtrent die opstanding van die dooies.

Die dooies gaan opgewek word in twee opstandings wat 'n duisend jaar van mekaar sal geskied. Die regverdiges, of die wat in Jesus gesterf het, sal in die eerste opstanding opgewek word aan die begin van die duisend jaar. Ons lees: "Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan" 1 Thessalonicense 4:16. Gedurende die duisend jaar sal die regverdiges met God regeer en sal deel neem in die oordeel van die goddelose. Ons lees:" Ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, ......en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank". En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding" Openbaring 20:4-5.

Die goddelose sal nie hulle straf by die dood ontvang nie, soos die wat glo in die ontsterflikheid van die siel, maar sal hul straf ontvang in die poel van vuur nadat die regverdiges met Christus geregeer het vir 'n duisend jaar. Wanneer die goddelose opgewek word, sal die Duiwel weer die kans kry om hulle te mislei, want ons lees : "En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word, en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is" Openbaring 20:7-8.

Hoe dit ook al sy, voor die Wederkoms van Christus en die opstanding plaasvind, sal daar wel 'n oordeel wees om te bepaal wie gered sal word en die ewige lewe sal beërwe, of wie vir ewig verlore sal wees en die ewige doodstraf sal ontvang. Hierdie beloning sal eers in die oordeel bepaal moet word volgens Openbaring 22:12: "En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees".

Die oordeel sal nie by die dood plaasvind soos sommige mense glo nie, want God het 'n spesifieke tyd wanneer die oordeel sal plaasvind. Ons lees: "Omdat Hy 'n dag bepaal het waarop Hy die wêreld in geregtigheid sal oordeel deur 'n Man wat Hy aangestel het." Handelinge 17:31.

In die apostel Paulus se tyd, was die dag van oordeel nog in die toekoms, want ons lees: "Maar toe hy spreek oor geregtigheid en selfbeheersing en die toekomstige oordeel, het Felix baie bang geword". Handelinge 24:25. Eintlik is die oordeel alreeds vandag aan die gang. In die drie engele boodskap lees ons wat Johannes geskryf het:" En hy het met 'n groot stem gesê: Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom" Openbaring 14:7.

In 'n visioen het Daniël gehoor van 'n heilige wat spreek aangaande die reiniging van die heiligdom wat die Dag van versoening van die aardse heiligdom was, maar ook 'n dag van oordeel vir enige persoon wat 'n onbelyde sonde op die hoof van die geofferde lam gehad het, was uitgesluit van die Israelitiese kamp.

Dit wat Daniël geleer het van die visoen, was die reiniging van die hemelse heiligdom, wat die Versoensdag was, asook die tyd wanneer die ondersoekende oordeel begin.

Die stem het aan Daniël verklaar: " Tweeduisend-driehonderd aande en môres, dan sal die heilgdom in sy regte staat herstel word." Daniël 8:14. 'n Dag in profesie stel een jaar voor, volgens Esegiel 4:6: "vir elke jaar lê Ek jou een dag op" Kyk Numeri 14:34.


Daniël was baie ontsteld oor hierdie visioen en het ondersoek ingestel na die betekenis daarvan. Hy het wel 'n uitlegging van die visioen ontvang wat in die volgende hoofstuk beskryf word: te bou tot op 'n Gesalfde, 'n Vors, is sewe sewetalle, en twee–en–sestig sewetalle lank sal dit herstel en opgebou word, met pleine en slote, maar in tye van benoudheid." Daniël 9:25.

Die bevel om Jerusalem te herstel en te herbou was uitgereik deur Kores, Darius en Artasasta, konings van Persië, volgens Esra 6:14. Daar was vier bevele uitgereik, maar die mees geskikte bevel om tyd te bereken was aan Esra gegee in 457 vC. Baie mense het saam met Esra gegaan, en die regering van die Jode was deur hom herstel. Gevolglik was 457vC die datum van die begin van die 69 weke en hierdie datum was sekerlik die van die 2300 dae of jare in die profetiese tyd. Gevolglik het die 69 weke of 483 jare vanaf die bevel om Jarusalem te herstel of weer op te bou tot die Messias, die Prins, en die salwing van Jesus, gestrek tot die jaar 27 nC.

"Sewentig sewetalle is oor jou volk en die heilige stad bepaal, om die goddeloosheid te voleindig en om die maat van die sondes vol te maak " Daniël 9:24. Hierdie 70 weke of 490 jare waarna verwys word vanaf die bevel om Jerusalem te herstel en weer op te bou, bring ons tot die jaar 34 nC, die steniging van Stefanus, die tyd toe Israel deur God verwerp is as Sy uitverkore volk. Nietemin, die Messias was verwerp of gekruisig in die middel van die week wat wel die 70ste week was, en dit bring ons tot by die jaar 31nC, dit wil sê drie en 'n half jaar ná sy salwing.

Volgens die gebeurtenisse in die geskiedenis, kan ons die datum of tyd van die begin van die reiniging van die heiligdom in die hemel, wat die begin is van die sitting van die ondersoekende oordeel, vasstel. Dit bring ons by die lente (suidelike halfrond) van 1844, en volgens berekening tot die dag van 22 Oktober 1844.

Ons word vertel dat wanneer die oordeel eindig die genadedeur ook sluit. Alle gevalle sal dan bepaal wees hetsy vir die ewige lewe of die ewige dood. Indien die Jode die tydprofesie van Daniël verstaan het, sou hulle die tyd van die Messias se koms verstaan het. Netso, indien ons hierdie tydprofesie van Daniël vandag verstaan, sal ons weet dat die ondersoekende oordeel alreeds in sitting is. Die ondersoekende oordeel bepaal wie gered sal word vir God se koninkryk en wie verlore gaan, dus hoekom ons grootliks bekommerd behoort te wees. Die reiniging van die heiligdom, wat die Dag van versoening in die aardse heiligdom voorstel,




DIE PROFESIE VAN DIE 2300 JAAR

1. 457 vC – Bevel vir die volkome herstel en herbou van Jerusalem. Die begin van die 2300 jaar, 69 weke en die 70 weke, Kyk Daniël 9:24-25.

2. 27 nC – Die Mesias, salwing van Jesus en die doop van Jesus. Die einde van die 69 ste weke en die begin van die 70ste week Kyk Daniël 9:25.

3. 31 nC – Die Messias afgesny in die middel van die week, die kruisiging van Jesus. Kyk Daniël 9:26 -27

4. 34 nC – Die steniging van Stefanus, einde van die 70ste week, Israel verwerp as God se uitverkore volk, die dissipels verlaat Jerusalem en het hulle na die heidene gewend.

5. 22 Oktober, 1844 – Die ondersoekende oordeel begin, die reiniging van die hemelse heiligdom wat gelykstaande is aan die Versoensdag van die aardse heiligdom Kyk Daniël 8:14.

verteenwoordig die Versoensdag en die ondersoekende oordeel in die hemelse heiligdom. Die plan van verlossing was geopenbaar deur die' seremonies van die aardse heiligdom.

GOEIE EN BOSE ENGELE — Die Skrif verklaar duidelik die bestaan van engele, en dat hulle handelinge en invloed 'n belangrike rol in die daaglikse lewe van die mens speel. Baie dade van heilige engele wat mense help en ondersteun, word geopenbaar.

God se engele wat reageer op sy bevel, streef daarna om die mens te verlos, asook bose engele op Satan se bevel, wat besig is om die mense tot die verderf te lei en tot 'n val te bring.

Daar is dus 'n groot stryd aan die gang ten opsigte van die bewoners van die aarde, maar dit is onsigbaar. Ons is in groot gevaar wanneer ons onbewus is van Satan se bestaan en sy menigte bose engele, en selfs onskuldig is oor sy bedrieglike planne. Ons enigste beskerming is om God te vetrou en deur Sy heilige engele gelei te word.

Die doel van die heilige engele is om te dien en te beskerm. Toe God gereed was om Sodom en Gomorra te verwoes, het die engele vir Lot en sy familie by die hand geneem en hulle uit die bose stad van Sodom uitgelei. Toe Daniël in die leeukuil gewerp was, het God 'n engel gestuur om hul bekke toe te sluit, sodat hulle hom nie leed kon aandoen nie. Toe Petrus in die gevangenis was, het 'n engel hom gered en vrygelaat.

In hierdie lewe is daar baie ware gebeurtenisse waar die engele mense werklik gehelp het. In teenstelling met die werk van die heilige engele, is bose engele besig om mense te mislei of om hul lewens te verwoes.

Enige persoon wat dink dat hy/sy 'n geliefde wat al dood is, weer gesien het in die vorm van 'n gedaante, het werklik 'n bose engel gesien wat homself verpersoonlik as 'n geliefde of familielid.

Ek weet van 'n geval waar die man wie se seun in die oorlog gesterf het, later verskyn het as 'n wese wat sy seun voorgestel het, maar hierdie man het die Bybel geken: "So kom hy nie weer op wat na die doderyk neerdaal nie." Job 7:9. Aan hierdie wese het hy gesê : "Jy is nie my seun nie, maar wel 'n bose engel", en onmiddellik het hierdie wese verdwyn.

Daar is 'n ander geval van 'n moeder wie se klein, dierbare blonde dogtertjie gesterf het en begrawe was. Later verskyn die dogtertjie voor haar ma. Sy was nog net so mooi en dierbaar as toe sy geleef het. Die moeder se eerste gedagte en neiging was om die dogtertjie te omhels en op te tel, maar het volgens die Bybel geweet dat die wese nie haar kind was nie, en die dooies nie weer terugkeer nie. Aan hierdie wese het sy gesê: " Jy is nie my kind nie, maar 'n bose engel. In die naam van Jesus gaan weg." Hierdie wese se gesig het onmiddellik verander in 'n aaklige en afskuwelike uitdrukking en het verdwyn.

Indien ons die bose engele beveel: " In die naam van Jesus gaan weg" dan kan hulle nie anders as om onmiddellik te verdwyn nie.

Die getal engele is ontelbaar: "Maar julle het gekom by die berg Sion en die stad van die lewende God , die nuwe Jerusalem en tienduisende engele" Hebreërs 12:22. Ons lees verder: " 'n Stroom van vuur het gegloei en voor Hom uitgegaan, duisend maal duisende het Hom gedien en tienduisend maal tienduisend het voor Hom gestaan; die gereg het gesit en die boeke is geopen." Daniël 7:10.

Die getal beloop minstens 102 miljoen getroue engele in die hemel, nadat 'n derde van God se engele uit die hemel gewerp is. Een-derde van die engele was verlei deur Lucifer, en was uit die hemel verban en op die aarde gegooi: " en sy stert het die derde van die sterre van die hemel meegesleep en hulle op die aarde gegooi." Openbaring 12:4.

Hierdie derde van die totale aantal engele sal dus ten minste 51 miljoen in getal wees, van bose engele wat na die aarde uitgewerp is. Dit is hierdie getal wat vandag onder die bevel staan van die kwaadaardige en valse leier, naamlik Satan, met wie die mens moet worstel.

Engele is nie afgedwaalde geeste van dooie mense soos sommige mens glo nie, want engele het lankal bestaan en het God se wil gedoen lank voordat enige mens gesterf het.

Nadat Adam en Eva gesondig het, was daar twee goeie engele as wagters met gloeiende swaarde voor die boom van die lewe geplaas. Abel was die heel eerste persoon wat in hierdie wêreld gesterf het en dit was veel later. Engele is meer kragtiger as die mens, want die mens was laer as die engele geskape.

Met betrekking tot die mens sê die Psalm digter : "U het hom weinig minder gemaak as 'n goddelike wese" Psalm 8:6.

Toe Sanherib vir Israel uitdaag en vir hulle 'n bedreiging of gevaar inhou, het God 'n engel gestuur wat 185 000 gewapende Assiriërs in een aand verslaan het. Toe het die engel van die Here uitgetrek en in die laer van Assirië honderd-vyf-en-tagtig-duisend verslaan: En toe hulle die more vroeg hul klaarmaak was dit almal dooie liggame" Jesaja 37:36.

Vir ons om die bose engele te oorwin, is dit belangrik dat ons die bestaan van bose engele besef en weet van hulle bedreiglike planne. Satan het 'n derde van God se engele verlei en beoefen nog steeds daardie bedrieglike mag om die bewoners van die aarde tot die verderf te lei.

Die swak menslike wese is geen gelyke teenoor die hoër mag van Satan en sy bose engele nie en die hartseerste is dat hulle aanhoudende toegang tot ons het, tensy ons aanhoudend beskerm word deur heilige engele. In ons eie krag is ons magteloos teen Satan en sy menigte van bose engele. Dit is slegs deur Christus dat ons die vreeslike vyand kan oorwin, want Christus het Satan oorwin. Deur onderdanig en gehoorsaam te wees aan Christus en deur geloof te beoefen, kan ons meer as oorwinnaars wees.

Engele was geskape om magtiger te wees en alhoewel hulle geval het, besit bose engele nog steeds baie mag. Die Bybel identifiseer die duiwel as "die owerste van die mag van die lug" Efesiërs 2:2. Sy bose engele kan, vloedrampe, aardbewings, stormwinde en ander rampe veroorsaak. Inteendeel, hulle word deur God beheer en kan slegs rampe en onheil bring wat hulle toegelaat word om te doen. Sedert die wêreld grootliks die beheer van Satan gekies het, en soos die goddeloosheid van die mens vermeerder, sal die Gees van God geleidelik van die aarde onttrek word. Satan en sy bose engele sal toegelaat word om hulle verwoestende werk te vererger, en sodoende kan ons rampe en onheil verwag om te vermeerder. Dit raak net meer verwoestend soos ons die eindtyd van die wêreld nader.

Ons glo dat elke persoon wat Christus in sy lewe aanvaar het, wel 'n beskermende engel het wat oor hom aangestel is volgens Psalm 34:7 "Die Engel van die Here trek 'n laer rondom die wat Hom vrees, en red hulle uit".

Toe Petrus uit die gevangenis vrygelaat was, en na die deur stap waar die gelowiges bymekaar-gekom het , kon hulle nie glo dat dit Petrus was wat by die deur was nie en sê dat dit seker 'n engel is. In vroeëre tye het Christene geglo dat 'n engel aan elke gelowige toegewys is. Die Bybel verwys na die goddelike agente, die engele, as wesens of "dienende geeste wat vir diens uitgestuur word terwille van die wat die saligheid sal beërwe" Hebrieërs 1:14.

Toe Jesus van die kindertjies gepraat het, het hy gesê :"Pas op dat julle nie een van hierdie kleintjies verag nie, want Ek sê vir julle dat hulle engele in die hemele altyd die aangesig sien van my Vader wat in die hemele is" Mattheus 18:10.

Dit beteken dat hul beskermende engele altyd toegang het tot die hemelse Vader en baie engele kan versoek of hulp aanvra indien benodig word in enige situasie wanneer een van sy kinders in die moeilikheid beland.

Dit is so bemoedigend om te weet dat God 'n magtige engel aangewys het aan elkeen van ons, om ons te help om die versoekings te oorkom. Die engel is aangewys om ons private lyfwag te wees, om ons te beskerm wanneer ons deur die gevaarlike paaie beweeg, van hierdie bose wêreld.

SPIRITISME — Spiritisme is die geloof dat as 'n persoon sterf dan gaan sy gees of bewussyn nie dood nie, maar hou aan om te bestaan sonder 'n liggaam, en dat die persoon dalk weer sal terugkeer om met die lewendes te kommunikeer. In werklikheid is dit wat gekommunikeer word met lewendes, teorieë van Sataniese oorsprong.

Moderne Spiritisme het sy oorsprong gehad in 1848 toe die Fox susters (in die VSA) misterieuse kloppe teen die muur van hul huis gehoor het. Dit was moontlik vir hulle om met daardie kloppe te kommunikeer deur vrae aan hulle te stel en antwoorde van hulle te ontvang.

Spiritisme is nou meer verfynd as die outydse duiwelkunste en heksery wat oorgedra was van die antieke heidendom. Dit was eers deur Katolisisme aangeneem, en toe aanvaar deur afvallige Protestantisme. Alle kerke, beide Katolieke en Protestante, wat glo in die ontsterflikheid van die siel, sal deur spiritisme mislei word.

Dit is slegs deur 'n deeglike kennis van Satan se misleidings in spiritisme dat ons sy planne kan verstaan, want spiritisme ondermyn geloof in God en die leerstellings van die Bybel.

As gevolg van God se groot liefde vir die mens het Hy Sy Seun na die wêreld gestuur om te sterf vir die mens se sondes, sodat die mens deur Hom die ewige lewe kan bekom. Satan het towery en spiritisme voorgestel om God se plan van verlossing in die wiele te ry. Dit is waarom hierdie okkultiese gewoontes 'n gruwel vir God is. Spiritisme verkondig teorieë en gewoontes wat die mens se siel na die verderf lei.

Spiritisme het die Christendom binnegedring op 'n baie subtiele en onherkenbare manier soos bv. positiewe denke, hipnose, holistiese medisyne, Oosterse mistisisme,die saak oor denkgewoontes, joga en baie ander. Baie word verlei deur hierdie tipe duiwelkunste. Een tipe van toordery is die Ouija (spiritistiese) bord of enige voorwerp waardeur vrae van die geesteswêreld gevra word. Dit word dan deur hierdie voorwerp beatwoord deur bose engele. In die algemeen is toordery die mening dat individue vordering toon tot 'n toestand van 'n god.

'n Algemene gebruik van spiritisme is ook geloofsgenesing. Alhoewel baie daarvan denkbeeldig is, kan Satan siektes veroorsaak en deur die proses terug te draai maak asof hy die siektes genees het. God kyk sekerlik nie minder gunstiglik na die verfynde towery en spiritisme van vandag nie, wat die Christen gemeenskap onder die dekmantel van godsdiens binnegedring het, as toe Hy neergekyk het op die outydse towery en spiritisme.

Towery en sogenaamde kommunikasie met die dooies is 'n gruwel vir God soos ons lees in Deuteronomium 18:10-12: " Daar mag niemand by jou gevind word wat sy seun of sy dogter deur die vuur laat deurgaan – wat met waarsêery, goëlery of met verklaring van voortekens of towery omgaan nie, of wat met besweringe omgaan, of wat 'n gees van 'n afgestorwene vra of 'n gees wat waarsê, of wat die dooies raadpleeg nie. Want elkeen wat hierdie dinge doen, is vir die Here 'n gruwel; en om hierdie gruwels ontwil verdryf die Here jou God hulle voor jou uit."

As gevolg van God se groot misnoeë met die sielsvernietigende natuur van spiritisme, het Hy die doodstraf uitgespreek teenoor die wat towery beoefen het, asook die valse kommunikasie met die dooies want ons lees in Levitikus 20:6:" En as 'n persoon hom begewe tot die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê, om agter hulle aan te hoereer, sal Ek my aangesig teen die persoon rig en hom uitroei onder sy volk uit". En weer lees ons in Levitikus 20:27: " En as daar in 'n man of vrou 'n gees van 'n afgestorwene is of 'n gees wat waarsê, moet hulle sekerlik gedood word. Hulle moet gestenig word. Hulle bloedskuld is op hulle".

Die sogenaamde kommunikasie met die liggaamlose geeste van die dooies is nie die van die individue wat voorgestel word nie, maar dit is bose engele vermom as hierdie individue.

Hulle voorkoms is basies dieselfde, en die stem toon is baie dieselfde. Hulle mag selfs gebeurtenisse vertel wat gebeur het in die individu se lewe. Bowendien, hulle mag selfs voorspellings maak wat waarkom, en dit lyk asof hulle weldoeners vir die mens is wat omgee en simpatiseer met die lewendes. Maar ons lees: Job 7:9-10 "Die wolk verdwyn en gaan heen – so kom hy nie weer op wat na die doderyk neerdaal nie. Hy sal nie meer teruggaan na sy huis nie, en sy plek sal hom nie meer ken nie. En in Psalm 6:6:" Want in die dood word aan U nie gedink nie; wie sal U loof in die doderyk?". In Psalm 115:17 lees ons:"Die dode en almal wat na die stilte neerdaal, sal die HERE nie loof nie".

Wanneer ons, ons vertroue in die liggaamlose geeste stel dan glo ons hulle kommunikasie is die waarheid en van goddelike oorsprong, maar hulle is direkte agente van Satan wat hy gebruik om siele te vernietig. Dit is Satan se onbelemmerde lyn van kommunikasie wat hy gebruik om onskuldige individue te verlei en om hulle te lei na die ewige verderf.

Hierdie bose engele verkondig dat die mens vordering toon tot 'n mate van 'n god en dat daar geen straf is vir 'n kwaaddoener nie, ongeag hoe

goddeloos die individu ook al was.

Hulle verkondig dat die mens sy eie regter sal wees en sal sy eie standaard stel, in stede van God se wet en dat hy nie verantwoordelik aan enige persoon sal wees nie. Hulle verkondig ook dat daar weggedoen is met God se wet, en dat dit nie meer bindend is nie, en dat Christus nie die goddelike Seun van God is en ook nie die enigste hoop op verlossing is nie.

Ons het die dierbare woorde in die Skrif volgens Jesaja 8:19-20:"En as hulle vir julle sê: Raadpleeg die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê, wat piep en mompel – moet 'n volk nie sy God raadpleeg nie; moet vir die lewendes die dooies gevra word? Tot die wet en tot die getuienis. As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle 'n volk wat geen dageraad het nie." Voorts, die dinge wat die liggaamlose geeste ons vertel, stem nie ooreen met die wet en die getuienis nie, daarom is daar geen lig en waarheid in hulle nie.

God het aan Adam en Eva gesê dat indien hulle van die verbode vrug eet, hulle sekerlik sal sterwe, maar die vader van leuens kom toe en sê: "Jy sal sekerlik nie sterf nie." Baie Christene het gekies om die laasgenoemde te glo, sodat beide Katolieke en Protestante kerke hierdie leuens nou vanaf hul preekstoele verkondig. Maar wat God gesê het, staan verewig en geen kerklike verklaring of algemene geloof in die Christendom gaan daardie ewige waarheid verander soos dit deur God Jehovah gespreek is nie.

Diegene wat glo in die onsterflike siel, glo dat die werk van spiritisme 'n verskynsel van God se krag is en dat die mens se kennis deur spiritisme ver bokant dit wat hy nou het kan vermeerder, net soos Satan Eva belowe het toe sy die verbode vrugte geëet het. Ons lees: "maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken". Genesis 3:5. Ons enigste beskerming teen die toestroom van spiritisme is om te besef dat enige verskynsel van 'n persoon wat oorlede is, deur die bose engele voorgestel word. Dat enige boodskap wat hulle na ons toe bring, is 'n boodskap direk van Satan, die aartsverleier tot die mens se verwoesting en die ewige verderf. Dus, om die oorwinning te behaal oor Spiritualisme, moet ons baie deeglik versterk wees deur die Bybel waarhede.

DIE FINALE GEBEURE VAN SPIRITUALISME — Teen die eindtyd sou Satan al baie ondervindings met die persoonsbedrog van dooie mense veroorsaak het, want hy het towery beoefen en voorgegee om met die dooies te kommunikeer sedert hy dit vir die eerste keer aan die mens voorgestel het. Sy tegniek sal dan perfek wees; dus sal hy dan Christus se rol speel. Sommige van Satan se medepligtige engele sal sommige van Christus se dissipels en apostels Paulus, Petrus, Jakobus en Jahannes se rol wil speel, volgens Mattheus 24:24:" Want daar sal valse Christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei".

Wanneer Satan hom as Christus voordoen, sal mense hulself neerbuig voor Satan en verklaar:" Christus het gekom! Christus het gekom!" Satan sal die mees glansryke en mees verheerlikte wese wees wat sterflike wesens nog ooit gesien het. Hy sal wonderwerke verrig, siekes gesond maak en in 'n stemmige en soetklinkende stemtoon seëninge uitspreek teenoor die menigte van mense soos Christus dit gedoen het, toe hy op aarde was. Hy sal die wet van God in onguns bring en die bestaande dwaalleer, soos van die Sabbat wat verander is na Sondag, en wie ookal nie die Sondag heilig hou nie sal Godslaterlik wees vir hom.

Mense het lankal gewag vir Jesus se koms en nou sal hulle werklik glo dat Jesus eintlik gekom het en dat Hy 'n nuwe millennium van vrede op aarde sal inlei. Teen daardie tyd sal dit moeilik wees om nie die skare te volg nie. Dit sal baie moed verg om te besef dat dit Satan se groot en finale bedrog is, om die bewoners van die aarde te bedrieg, en hulle te lei tot die ewige verderf.

Diegene wat sal voorgee dat hulle dissipels of apostels is, sal 'n valse teologie voorstel en wanneer daar uitgewys word dat hulle teologie verskil van hul geskrewe woord, sal hulle meld dat hul skrifte heeltemal verkeerd vertolk was. Weë aan enigeeen, wat dit nie glo of oneer bring teenoor hierdie vermeende christus (Satan) en sy bedrieërs.

Indien ons gaan kyk en ondersoek instel na die voorstellings, sal ons op Satan se betowerde grond wees, en sal ons in groot gevaar wees om verlei te word. Dit is dan nodig om ag te slaan op Christus se vermaning om nie te gaan kyk nie, want dit sal Satan se oorweldigende bedrog wees. Diegene wat nie standvastig en gegrond in die Skrifte is nie, sal almal verlei word. Ons word ook vermaan om nie te glo dat hierdie wese werklik Christus is nie, maar slegs 'n voorstelling van Hom, want die Bybel beskryf die wyse van Christus se koms baie eenvoudig volgens Mattheus 24:23,26-27: "As iemand dan vir julle sê: Kyk hier is die Christus! of Daar ! – moet dit nie glo nie. As hulle dan vir julle sê: Kyk Hy is in die woestyn – moenie uitgaan nie; kyk Hy is in die binnekamer - moet dit nie glo nie. Want soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees".

Dit is Satan se doel om die hele wêreld in sy kraal van Spiritisme op te sweep deur hierdie bonatuurlike verskynsels.

Vir die beskrywing van die sesde plaag lees ons volgens Openbaring 16:12:" En die sesde engel het sy skaal uitgegooi op die groot rivier, die Eufraat, en sy water het opgedroog, sodat die pad van die Konings wat van die Ooste af kom, reggemaak kon word." Dit herinner ons aan die tyd toe Kores, koning van Persië, 'n nagemaakte meer gemaak het en die Eufraatrivier se water afgelei het na die meer toe, sodat hy die stad van Babilon kon binnegaan deur die weg van die droë bedding van die Eufraat. As gevolg van die Eufraat wat opgedroog het, was hy in staat om die val van die ou goddelose stad, Babilon, te bewerkstellig. Dus is die opdroging van die Eufraatrivier simbolies van die gebeurtenisse wat sal lei tot die val van geestelike Babilon, 'n sisteem van valse geloof wat genoem word in Openbaring 16:19. "En die groot stad is in drie dele verdeel, en die stede van die nasies het geval. En die groot Babilon is in gedagtenis gebring voor God, om haar te gee die beker met die wyn van die grimmigheid van sy toorn." Hierdie geestelike Babilon word verder beskryf in die 17de en 18de hoofstuk van Openbaring.

Ons lees verder in Openbaring 16:13-14,16:"En ek het uit die bek van die draak en uit die bek van die dier en uit die mond van die valse profeet drie onreine geeste soos paddas sien kom. Want dit is geeste van duiwels wat tekens doen, wat uitgaan na die konings van die aarde en die hele wêreld, om hulle te versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God. En hulle het hul versamel op die plek wat in Hebreeus genoem word Armageddon."

In hierdie skrifgedeelte word die draak voorgestel deur Satan, en tweedens verteenwoordig hy Spiritisme en die Charismatiese beweging, wat gebruik word as agente deur wie Satan werk.

Ons lees in Openbaring 12:9: " En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei". Die draak word beskryf in Openbaring 13:1-10 en verteenwoordig die Rooms-Katolisisme. Die false profeet word beskryf as die een wat wonderwerke in die teenwoordigheid van die dier doen en wat hy gebruik om diegene te verlei wat die merk van die dier ontvang het en wat sy beeld aanbid het.

Ons lees in Openbaring 19:20: "En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy hulle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het". Dit is die dier met die twee horings wat beskryf word in Openbaring 13:11-17 en dit stel Amerika voor.

Ons lees in Openbaring 13:14,16 soos volg: "En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen, deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle 'n beeld moet maak van die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het." En hy maak dat aan almal, klein en groot en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe 'n merk op hulle regtehand en op hulle voorhoofde gegee word".

Die false profeet verteenwoordig die afvallige Protestantisme, wat in beheer is in verskeie lande. Armegeddon simboliseer die hele wêreld, want in die finale stryd, gaan die hele wêreld betrokke wees.

Die byeenkoms waar al die konings en bose magte van die aarde

# SATAN KOM AS 'n ENGEL

## DIE ONSTERFLIKHEID VAN DIE SIEL EN SPIRITISME

bymekaar gaan kom deur spiritisme, Rooms-Katolisisme en afvallige Protestantisme, sal plaasvind gedurende die sesde plaag. Nietemin, geen stryd gaan geveg word, gedurende die sesde plaag nie, want die stryd van die groot dag van die Almagtige God gaan gedurende die sewende plaag geveg word. Onder die drievoudige unie of vereniging sal daardie magte opgestel word om oorlog te voer teen die kinders van God wat die gebooie van God onderhou en die wat die getuienisse van Jesus bewaar.

Die stryd teen God se kinders deur daardie drievoudige unie, word genoem die stryd van die groot dag van ons Almagtige God, en die stryd sal gedurende die sewende plaag plaasvind. Wanneer daardie magte met die aanvalswerk om Gods kinders uit te wis begin, dan sal God intree en die sewende engel stuur om sy skaal vol van God se wraak uit te giet in die lug. Die enigste geveg wat God in die verlede geveg het, was vir Sy kinders. Die enigste stryd wat God in die toekoms sal veg, sal wees vir Sy kinders.

Niemand in die ganse heelal het die vermoë om God aan te val nie, sodat God 'n stryd moet veg om Homself te verdedig nie. Voorts is dit baie dwaas om te dink dat die stryd van ons Almagtige God geveg sal word tussen faksies op hierdie aarde, as 'n stryd tussen die Ooste en die Weste of 'n stryd tussen die Christene en die Moslems. Gevegte tussen nasies of tussen koninkryke van hierdie aarde was dikwels geveg en God was nie 'n strydende party in daardie gevegte nie, tensy God se kinders betrokke was of 'n strydende party was, of gedreig was.

Die stryd wat in Openbaring 16 beskryf word, is 'n stryd wat God gaan veg vir die beskerming van Sy kinders, en dit sal die laaste en finale stryd om te veg op hierdie aarde wees. God sal betrokke wees as 'n stryende party, want Hy sal veg vir sy kinders. Dit sal die oorlog van die groot dag van die Almagtige genoem word.

In Jesaja 36 en 37 het ons 'n voorbeeld van 'n oorlog, wat vergelyk kan word met die Almagtige God se oorlog teen Sanherib as koning van Assirië. Sanherib het 'n goed-gewapende leër van 185 000 man gehad, wat opgestel is voor Jerusalem en die bedreigde Israel. Hierdie oorlog was dieselfde soos die oorlog van daardie groot dag van die Almagtige God volgens Openbaring 16:14.

Hierdie oorlog mag dalk ook genoem word die oorlog van die Almagtige God, want God het die oorlog geveg teen die Assiriërs vir die beskerming van Sy kinders, Israel. Nie 'n enkele pyl was geskiet nie en nie 'n enkele swaard was teen Israel gelig nie.

God het egter 'n engel gestuur om Sanherib se leër te verslaan, en hy het in skaamte alleen terug huis toe gegaan. Ons lees:" Toe het die engel van die Here uitgetrek en in die laer van Assirië honderd-vyf-en-tagtig-duisend verslaan. En toe hulle die môre vroeg hul klaarmaak – was dit almal dooie liggame. En Sanherib, die koning van Assirië, het opgebreek en weggetrek en teruggegaan en in Nineve gebly." Jesaja 37:36-37.

So sal die oorlog van die groot dag van die Almagtige God in sekere opsigte dieselfde wees soos die oorlog waarin God teen Sanherib geveg het.

Hierdie oorlog van God die Almagtige, sal geveg word gedurende die sewende plaag. Dit sal geveg word teen die spiritistiese magte van die drievoudige vereniging, vir die beskerming van Sy kinders. Weereens sal daar nie 'n enkele skoot gevuur word of 'n enkele bajonet gelig word teen God se kinders nie en ook sal God geen geveg met gewone wapens aangaan nie.

Hoe dit ook al sy, Hy sal weereens 'n engel stuur. Die sewende engel, met 'n skaal vol van die wraak van God, sal die toorn in die lug uitgiet en die drievoudige unie sal verslaan. Ons lees:" En die sewende engel het sy skaal uitgegooi in die lug, en 'n groot stem het uit die tempel van die hemel gekom, van die troon af, wat gesê het: Dit is verby! En daar het stemme gekom en donderslae en bliksemstrale en daar het 'n groot aardbewing gekom soos daar nog nie gewees het van dat die mense op die aarde was nie – so 'n geweldige aardbewing. En die groot stad is in drie dele verdeel, en die stede van die nasies het geval. En die groot Babilon is in gedagtenis gebring voor God, om haar te gee die beker met die wyn van die grimmigheid van sy toorn. En alle eilande het gevlug en berge is daar nie gevind nie, en groot hael, omtrent 'n talent swaar, het uit die hemel op die mense geval, en die mense het God gelaster oor die plaag van die hael, omdat sy plaag onsettend groot was". (Die Bybelse talent wat gebruik was om silwer te weeg was 75 pond)

Na die oorlog van die groot dag van die almagtige God, wanneer die sewende plaag verwoesting gebring het, sal die bose magte van die drievoudige bondgenootskap magteloos wees, en met onbeskryflike afgryse vervul, en sal glad nie meer 'n bedreigende mag wees nie.

Dit sal die tyd wees wanneer Jesus weer sal kom om Sy kinders te kom haal en hemel toe te neem. Die toestand van die aarde sal dan verlate en onbewoonbaar wees vir die mens.

— Jacob Teske

Meeste Christene in die wêreld vandag glo dat die mens 'n onsterflike siel het en wanneer hy sterf, gaan sy siel onmiddelik hemel toe. Hierdie idee was aan ons oorgedra deur heidene en soos met die meeste van die heidense gelowe is daar geen waarheid daarin nie. Teoloë aanvaar dus filosofieë van 'n heidense geloof wat deur tradisie oorgedra word, in plaas daarvan om die Bybelse waarheid te aanvaar.

Terwyl die geloof in die onsterflike siel na 'n onskuldige filisofie lyk, lê dit die fondament vir 'n hele false geloof, naamlik spiritisme. Dit open 'n vrye deurgang van kommunikasie waardeur die Duiwel met sy bondgenootskap van bose engele sielsvernietigende onwaarhede aan die onskuldige lewendes kommunikeer. Baie dink dat hierdie kommunikasie van God afkomstig is en beskou dit as heilig, maar God gebruik nooit die kanale van die Okkultisme om met die mens te kommunikeer nie.

Spiritisme vandag is baie meer verfynd. Dit het al die hoër kringe van die gemeenskap en selfs Christen kerke binnegedring, maar dit bly nog steeds dieselfde antieke toordery wat 'n gruwel vir God is, en wat die doodstraf gebring het oor die wat dit in Israel vanouds beoefen het.

**View, Read, or Print Books:** www.sabbathtruth.com · www.worldincrisis.org · www.earthsfinalwarning.com · www.peacefinders.org · www.bible-sabbath.com · www.evolutionfacts.com

Indien u meer wil weet of belang sou stel in gratis Bybelstudies kan u gerus aan een van die volgende adresse skryf: